

Van leeu kuil tot engelbewaking



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 6, 1 Samuel 18:6-9, Matteus 6:6, Handeling 5:27-32, Markus 6:14-29, Hebreërs 11:35-38.

Geheeteks:

“Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om ’n grond vir ’n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir ’n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie” (*Daniël 6:5, OAB*).

Nadat die Medo-Persiërs Babel beleër en die Babiloniese Ryk tot ’n val gebring het, sien Darius die profeet se wysheid raak en nooi hom om deel van die nuwe regering te wees. Die bejaarde profeet vaar baie goed met die uitvoer van sy amptelike pligte, soveel so dat die nuwe koning hom as hoofminister oor die hele Medo-Persië aanstel. Later in die hoofstuk kry Daniël egter die wind van voor. Die rede daarvoor? Jaloesie. ’n Mens kan tereg sê dat jaloesie die mensdom se groot erfsonde is. Tot die einde van die verhaal bly Daniël egter getrou – nie net aan sy sekulêre pligte onder die Medo-Persiërs nie; maar meer belangrik, ook aan God. Wat meer is, tot ’n groot mate is sy getrouheid aan God ongetwyfeld die stukrag vir sy getrouheid in die res van sy doen en late. Die vervolging wat Daniël moes deurmaak en hoe hy dit hanteer het, bied die eindtydgelowige ’n soort raamwerk vir die oomblikke van beslissing waarmee hulle self ook te kampe gaan hê. Uit dié verhaal blyk dit dat God se getroue kinders nie beproewinge, swaarkry en lyding gaan vryspring nie. Al waarborg wat ’n mens wel uit Daniël se wedervaringe put, is dat die goeie eendag oor die kwaad sal triomfeer, en dat God sy kinders oplaas van alle blaam sal suiwer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 15 Februarie.*

Jaloesie steek kop uit

Selfs in die hemel – waar alles altyddeur volmaak is – was Lucifer jaloers op Christus. “Lucifer het Jesus Christus met jaloesie en agterdog bejeën. Tog het Lucifer saam met die engele neergebuig ter erkenning van Jesus se opperheerskappy, sy verhewe gesag en regmatige koningskap – maar agterdog en jaloesie het hom van binne verteer” (Ellen G. White, *The Story of Redemption*, bl. 14). Jaloesie en afguns is gevaarlike gevoelens om in ’n mens se binne te koester, soveel so dat die tien gebooie tesame met die verbod op moord en diefstal sê: “Jy mag nie begeer nie” (*lees Eks. 20:17*).

Lees Daniël 6:1-5, tesame met Genesis 37:11 en 1 Samuel 18:6-9. Watter rol speel jaloesie in al hierdie verhale?

Daniël se administratiewe vermoëns het die koning beïndruk, terwyl dit jaloesie by die ander amptenare ontlok het. So sweer hulle dan teen hom saam. Die amptenare probeer hom uit die weg ruim deur hom van korrupsie te beskuldig. Hulle soek hoog en laag na skietgoed teen die arme Daniël, maar sy administrasie is totaal onberispelik. “Hulle kon... geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie” (*Dan. 6:5, NAB*). Soos dit inderdaad uit hierdie vertaling blyk, kan die Aramees wat in die OAB as “getrou” vertaal word, ook “betroubaar” wees.

Daniël was dus totaal onskuldig. Valse aantyging sou beslis geen gewig dra nie. Hulle merk egter hoe getrou Daniël aan God en sy gebod is. Gou besef hulle: die enigste manier om Daniël verdag te maak, is om ’n krisis te skep waarin die profeet tussen die wet van God en die wette van die ryk moet kies. Een ding is seker uit dit wat hulle tot dusver by Daniël waargeneem het: hy sal God en sy gebod bo die wette van die ryk stel, die omstandighede moet net reg wees. Wat ’n goeie getuigskrif vir Daniël en sy getrouheid!

Dink aan al die kere wat jy met ander se jaloesie te kampe gehad het. Hoe het jy dit telkens hanteer? Waarom is jaloesie en afguns so dodelik vir die Christen? Waarom lê dit geestelike groei lam?

Die komplot teen Daniël

Lees Daniël 6:6-9. Wat is die beweegrede vir dié dekreet? Hoe speel dit op die koning se verwaandheid?

Die feit dat Darius eers 'n dekreet uitvaardig wat hy dan kort daarna probeer herroep, klink effens verspot. Ongelukkig was dit 'n lokval wat sy geslepe amptenare vir hom gestel het, deur munt te slaan uit die politieke omstandighede in die pas vergrote Medo-Persiese Ryk. Darius was juis besig om sy ryk te desentraliseer toe die Daniël-krisis ontvou het. Die koning het 120 landvoogde aangestel, in 'n poging om sy grondgebied se administrasie meer doeltreffend te maak. Sulke veranderings hou, op die lange duur, sekere gevare in. 'n Invloedryke goewerneur-generaal kan maklik teen die regering rebelleer en 'n wegbreekkoninkryk tot stand bring. Die uitvaardiging van 'n wet wat sê dat almal slegs die koning mag aanbid, en vir 'n tydperk van 30 dae, blyk dus 'n goeie strategie te wees. Dit kon lojaliteit teenoor die koning bevorder, en sodoende opstand voorkom. Met hierdie voorgestelde dekreet het Darius se amptenare hom egter om die bos gelei. Om te sê dat “almal” – al die goewerneys-generaal, administrateurs, landvoogde en raadgewers – die voorgename dekreet ondersteun het, was duidelik nie die volle waarheid nie, aangesien Daniël nooit geraadpleeg is nie. Daarbenewens het die idee om soos 'n god behandel te word, moontlik ook groot byval by die koning gevind.

'n Mens lees nêrens dat die Persiese konings van ouds ooit hulself 'n goddelike status toegeken het nie. Nietemin was dié dekreet dalk 'n poging om die koning 30 dae lank as 'n soort verteenwoordiger van die gode aan te stel, d.w.s. dat mense deur hom tot die gode moes bid. Ongelukkig bevraagteken Darius nie die beweegrede vir die voorgestelde dekreet nie; en kom nie betyds agter dat die einste wet ter voorkoming van komplotte inderwaarheid 'n komplot teen Daniël was nie.

Twee komponente van die wetsontwerp verdien ons aandag. Eerstens, dat alle oortreders in die leeuuil gewerp moes word. Die feit dat 'n mens nie elders van hierdie soort straf lees nie, beteken dat dit waarskynlik 'n ad hoc-klausule is wat spesiaal bygevoeg is – moontlik deur Daniël se vyande. Die antieke Nabye-Oosterse heersers het inderdaad leeus in hokke aangehou, om hulle tydens spesiale geleenthede te jag. Daar was dus nie 'n tekort aan leeus om oortreders te verskeur nie. Let tweedens op die onveranderlikheid van die wet. Die wette van die Mede en die Perse was onomkeerbaar, waarvan 'n mens ook in Ester 1:19 en hoofstuk 8:8 lees. *Diodorus Silurus* (of Diodoros Sikeliotes of selfs Diodorus van Sisilië), 'n geskiedskrywer uit antieke Griekeland, noem dat Darius III (wat nie met die Darius in Daniël verwar moet word nie) by geleentheid nie daarin kon slaag om die doodsvonnis van 'n onskuldige man te herroep nie.

Daniël se gebed

“Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon” (Matt. 6:6, NAB). Lees Daniël 6:10. Waarom bid Daniël nie net in sy gedagtes en op so ’n wyse dat niemand daarvan weet nie?

Daniël is nie net ’n ervare politikus nie, maar ook ’n dienskneg van die Here. Hy is dus al een wat die ware rede vir die dekreet verstaan. Vir Darius is dit ’n kans om groter samehorigheid in sy ryk mee te bring, terwyl dit vir die samesweerders ’n manier is om van Daniël ontslae te raak. Die ware oorsaak en beweegrede agter die sameswering is natuurlik die groot stryd tussen God en die magte van die bese. Teen daardie tyd (539 v.C.) het Daniël reeds die visioene ontvang wat in hoofstukke 7 (553 v.C.) en 8 (551 v.C.) opgeteken is. Gevolglik besef hy dat die koninklike dekreet nie net oor mensgemaakte dinge soos politiek gaan nie. Dit is inderwaarheid ’n veldslag in die groot stryd. Die visioen oor die Seun van die mens wat die heiliges van die Allerhoogste red en die koningskap aan hulle gee, en die engel wat die visioen uitlê en die profeet vertroos (*Daniël 7*), het hom dalk die nodige moed gegee om die dekreet-krisis die hoof te bied. Miskien het hy ook aan die vuurdoop van sy makkers gesit en dink, en hoe hulle Nebukadnesar se dekreet dapper teëgestaan het (*Daniël 3*).

So verander Daniël dan nie aan sy aanbidingsgewoontes nie. Hy bid steeds driekeer ’n dag, in die rigting van Jerusalem. Ten spyte van die verbod wat sê dat hy slegs tot die koning, en nie tot enige mens of god mag bid nie, tref Daniël geen voorsorg nie. Hy probeer nie sy gebedslewe wegsteek of onopsigtelik bid in daardie kritieke dertig dae nie. Boonop het die profeet hom in die minderheid bevind – stoksielalleen in die ganse staatsdiens, die enigste een wie se gehoorsaamheid aan God hom ongetwyfeld in stryd met ’n koninklike dekreet sou bring. Deur sy gebedslewe openlik te handhaaf, toon hy egter dat sy hoogste lojaliteit die Here, en Hom alleen, toekom. Dit is ’n lojaliteit wat vóór die koning en sy onveranderlike dekreet kom.

Lees Handeling 5:27-32. Hier draai die Bybel nie doekies om nie. Waarom moet ’n mens nietemin seker maak dat jy wel God se wil doen wanneer jy mensgemaakte wette teëgaan? (Dink net aan al die mense wat al met hul lewens geboet het, en dit vir ’n verkeerde sienswyse of geloofstelsel!)

In die leeuuil

Lees Daniël 6:11-23. As gelowige aan die koninklike hof was Daniël se getuienis besonder kragtig. Wat sê die koning vir Daniël wat toon dat dit inderdaad die geval was?

In 'n ommesientjie gewaar die samesweerders vir Daniël. Hy is besig om die einste ding te doen wat hy nie mag doen nie: hy bid. Dadelik gaan klik hulle by die koning, en laat waai met die beskuldigings. Boonop verwys die samesweerders op 'n neerhalende wyse na die profeet, as “een van die Joodse ballinge” (*Dan. 6:14, NAB*). In hul oë was een van die Medo-Persiese Ryk se hoofministers, en boonop die koning se gunsteling, niks meer as 'n “balling” nie. Wat meer is, hulle wou Daniël in direkte opposisie met die koning bring. Let op hul aantyging: “[Daniël] het hom aan u, o koning, en aan u verbod wat u geskrywe het, nie gesteur nie” (*OAB*). Dit is toe dat Darius die lokval sien wat die ander amptenare vir hom gestel het. Vers 15 sê: “Hy het planne beraam om Daniël te verlos, ja, tot sonsondergang toe het hy moeite gedoen om hom te red” (*OAB*). Ongelukkig was daar net mooi niks wat hy aan die profeet se lot kon doen nie – die dekreet was bindend. Dit was 'n wet van die Mede en die Perse – onomkeerbaar – en aan die letter van daardie dekreet moes gehou word. So gee die koning dan, teësinne, die bevel dat Daniël in die leeuuil gegooi word. Tog is daar 'n sweempie hoop. Let op Darius se woorde aan die profeet, wat byna soos seënwense klink: “Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos!” (*Dan. 6:17, OAB*). Die Bybel sê nie wat Daniël daar tussen die leeus gedoen het nie. Hy het seker maar gebid. Hoe dit ook al sy, die Here eer Daniël se geloof, en stuur 'n engel om die profeet te beskerm. Teen die oggend is Daniël ongedeerd en gereed om sy daaglikse pligte in die regering te hervat. Aangaande die leeuuil-krisis skryf Ellen G. White: “Die Here het nie die samesweerders se pogings om Daniël in die leeuuil te laat werp, gefnuik nie. Nee, in aanloop tot die voltrekking van die vonnis laat Hy toe dat bese en mense hul planne uitvoer. Tog is dit nie om dowe neuten nie. Die Here doen dit sodat die redding van sy dienskneg onvergeetlik kan wees, en sodat die vyande van waarheid en geregtigheid hul eie ondergang behoorlik kan bewerk” (*Prophets and Kings*, bl. 543, 544).

Hierdie verhaal eindig op 'n goeie noot (wel ten minste vir Daniël). Dink egter aan al die verhale waarin moderne gelowiges of selfs bybelfigure (soos dié in *Markus 6:14-29*) nie van foltering of 'n marteldood gered is nie. Hoe behoort ons sulke hartseer verhale te beskou?

Vryspraak

Lees Daniël 6:24-28. Die koning getuig hier vir God. Wat sê hy oor die Here?

Die deurslaggewende oomblik in die verhaal is wanneer Darius hulde aan God bring en die Almagtige se opperheerskappy bely. Dit vorm 'n hoogtepunt, 'n crescendo, van die voorafgaande hoofstukke se belydenisse van die almag van God (*Dan. 2:20-23, hfst. 3:28 en 29, hfst. 4:1-3 en verse 34-37*). Na Daniël se wonderbaarlike redding reageer Darius net soos sy oupa Nebukadnesar: hy loof en prys die Here. Tog is dit nie al nie. Darius vervang die eerste dekreet met 'n tweede, en beveel dat almal “voor die God van Daniël moet bewe en sidder” (*Dan. 6:27; OAB, woordorde aangepas*). So word Daniël dan op 'n bonatuurlike wyse gered en sy geloof word beloon; en die bose ry aan die pen, met God se Naam wat in ere herstel word en sy almag wat triomfeer. Dit is egter ook 'n voorbeeld van die groot stryd in die klein – met die kinders van die Here wat gered word, die bose wat finaal aan die pen ry, en die Here wat voor die ganse heelal in ere herstel word.

Lees Daniël 6:25. Watter deel van hierdie teksvers kan die gelowige baie steurend vind, en waarom?

Die verhaal bevat ongelukkig ook 'n onstellende gebeurtenis: dat die samesweerders se vroue en kinders, wat sover ons kennis strek onskuldig was, dieselfde lot as die skuldige partye te beurt geval het. Hoe gemaak met reg en geregtigheid wat duidelik na onreg lyk? Neem eerstens in ag dat Darius hom in al sy oorwegings en gevolgtrekkings besluit deur die wette van die Persiese Ryk moes hou, wat o.a. die straf van die oortreder se gesin ingesluit het. In antieke tye is die hele gesin vir 'n enkele lid se optrede aanspreeklik gehou, 'n algemeen-aanvaarde siening in daardie tydperk. Die vonnis wat Darius hier uitspreek, strook dus met die Persiese wette van ouds, hoewel dit duidelik nie 'n regverdige beginsel was en is nie. Tweedens bied die Bybel ons bloot 'n boekstaving van wat wel gebeur het, en dit gee ook nêrens goedkeuring aan die koning se beslissing nie. Om die waarheid te sê, die Bybel verbied pertinent die teregstelling van kinders en dit vir die sonde van die ouers (*Deut. 24:16*).

Watter vertroosting kry 'n mens uit teksverse soos 1 Korintiërs 4:5, te midde van die soort onreg in Daniël 6 en ook ander? Wat sê hierdie teksvers vir ons, en waarom is die punt wat dit probeer tuisbring so belangrik?

Vir verdere studie:

Daniël se redding is ook opgeteken in Hebreërs 11. In hierdie skrifgedeelte – wat as “die ertsaal van die geloofshelde” beskryf kan word – het ons ’n beskrywing van die profete se prestasies, onder meer dat hulle “bekke van leeus toegestop” het (*Heb. 11:33, OAB*). Dit is inderdaad wonderlik. Tog moet ’n mens in gedagte hou dat geloofshelde nie net diegene is, wat soos Daniël, die dood ontkom het nie; maar ook diegene wat dapper gely en hul lewens verloor het, soos Hebreërs inderdaad ook aandui. God roep ons as getuies. Sommige word geroep om met hul lewens te getuig, en ander met hul dood. Die verhaal van Daniël en sy redding uit die leeu kuil impliseer dus nie dat almal uitgered gaan word nie, soos duidelik uit die verhale van vele mans en vroue wat al ’n martelaarsdood vir Jesus gesterwe het, blyk. Daniël se wonderbaarlike redding toon wel dat God in beheer is, en dat Hy uiteindelik al sy kinders uit die mag van sonde en die ewige dood gaan red – ’n feit wat in die volgende paar hoofstukke van Daniël aan die lig kom.

Vrae vir bespreking:

1. Die Franse filosoof Jean Paul Sartre skryf: “Die beste manier om die fundamentele projek van die mens en sy werklikheid te verstaan, is om dit soos volg te verwoord: die mens is ’n wese wie se projek dit is om God te wees” (Jean Paul Sartre, *Being and Nothingness: A Phenomenological Essay on Ontology*, Washington Square Press, 1956, bl. 724). Hoe help dit ’n mens om, tot ’n mate, te begryp waarom die koning in die samesweerders se strik getrap het? Waarom moet elkeen van ons, ongeag ons stand in die samelewing, teen hierdie gevaarlike neiging (selfs in sy subtiele vorms) waak? Op watter ander maniere probeer ons ook om “God” te wees?
2. Dink ’n bietjie aan jou getrouheid aan God en sy gebod. Hoe getuig jou lewe van hierdie dinge? Hoe dink jy sien ander jou: as ’n persoon wat vasstaan in die geloof, selfs al kos dit jou werk of jou lewe?
3. Wat bespeur ’n mens in Daniël wat van hom ’n doeltreffende medewerker in die Godsplan maak? Hoe kan die moderne gelowige, met die nodig hulp van Bo, dieselfde karaktereenskappe as Daniël aankweek?
4. Gestel Daniël het besluit om ter wille van die dekreet liewers meer privaat en in die geheim te bid. Sou ’n mens hom daarvoor kon verkwalik of sou dit ’n gevaarlike kompromie gewees het? Indien wel, waarom?